Waterkruik

JAARGANG 58 NO 17 2 Mei 2021

Jy kan deur middel van die volgende skakels aan die erediens deelneem deur net op die skakel te druk.-
Video Youtube – https://www.youtube.com/channel/UCsk9SpwFCDutnUSNt5qh05g
Facebook - https://m.facebook.com/Gereformeerde-Kerk-Waterkloofrand-108148367442176/
Oudio Kerkdienstgemist – https://kerkdienstgemist.nl/stations/559-Gereformeerde-Kerk-Waterkloofrand---Pretoria
Gereformeerde Kerk Waterkloofrand https://www.gkwaterkloofrand.org.za/?page_id=19

DIENSBEURTE

Vandag:

Oggend. Wyke 15 & 16
Ouderlinge: Br. Hein Wichmann
Br. Frans Schutte
Diaken: Br. Richart Keyser

Aand. Wyke 17 & 18
Ouderlinge: Br. Toy Kruger
Br. Renier v d Merwe
Diaken: Br. Francios de Kock

KOLLEKTES

Tydens die erediens:
Diakonale kas: ABSA: Diakonie, Spaar Rek. No. 9139785681

Na die erediens:
Teologiese Studentekas

Doel: Om studente wat aan die Teologiese Skool te Potchefstroom

studeer, finansieël met beurse te help sodat die Gereformeerde leer uitgebou en verkondig kan word.
ABSA: Gereformeerde Kerk Waterkloofrand. Rek. no. 000 340 685

Program vir die week

Maandag:
Katkisasie soos gereël
Katkisasie tye
Graad 11 16:15 - 17:00
Graad 9, 10 17:00 - 17:45
Graad 12 17:45 - 18:15
Graad 7, 8 18:15 - 19:00
Bybelstudie 19:00 - Studente en jongwerkendes (pastorie)

Woensdag:
Breë Kerkraadsvergadering

Donderdag
Bybelstudies:
09:30 - Kerk
18:30 - Pastorie
19:30 - Jong gesinne (Aanlyn met

Teams

BREË KERKRAADSVERGADERING

Die Breë Kerkraad vergader op 5 Mei 2021 om 19:00 in die kerkgebou.

U voorbidding vir die Here se seën op hierdie vergadering word gevra.

KATKISASIE

Die Katkisasie vir Hoërskoolleerders open more op die tye soos gereël.

Die Katkisasie vir die laerskoolleerders open op volgende Sondag 9 Mei 2021.

BYBELSTUDIE OPEN

Alle Bybelstudiegroepe begin weer hierdie week.

TEESKINKBEURTE

Baie dankie aan die susters van wyk 24 wat vanoggend olv Ansie Heymans tee bedien.
Volgende Sondag 9 Mei is dit die beurt van wyk 25 & 26 olv Debbie Lemmer en Sophia Theunissen.

VERJAARSDAE

Ons wens die volgende broeders en susters van harte geluk met hulle verjaarsdae. Ons bede is dat die nuwe lewensjaar vir julle en julle geliefdes vreugde en ryke seën sal inhou.

"Mag die Here jou seën uit Sion, Hy wat hemel en aarde gemaak het."
Ps. 134: 3

Hartlik geluk aan Hannes Stronkhorst wat gister 7 jaar oud geword het. Ons hoop dat jy 'n baie lekker verjaardag gehad het. 083 675 3198

Maandag 3 Mei
Br. Jasper Steyn 083 299 7431

Dinsdag 4 Mei
Markus le Roux (14) 082 578 3235
Sr. Suzette Nel 083 442 2857

Woensdag 5 Mei
Sr. Retha 083 398 0095
Sr. Reinette Reynders 084 019 2865
Donderdag 6 Mei
Br. Ewald Landsberg 081 282 4727
Gideon Swart (1) 072 634 7604

Vrydag 7 Mei
Sr. Susan Conley 072 437 6365
Sr. Liesl Schutte 083 949 5342
Sr. Sunet Smith 083 557 3370

Saterdag 8 Mei
Br. Hein Wichmann 082 873 3569

Sr. Susan Conley vier Vrydag haar 82ste verjaardag. Ons bid u die seën van die Here toe in die nuwe lewensjaar. Mag dit vir u 'n jaar vol vreugde en goeie gesondheid wees.

MEELEWING

Sterkte aan alle skoliere wat more weer terug gaan moet skooltoe. Ons wens julle alles van die beste toe vir die nuwe kwartaal.

"Mag God, wat vrede gee, julle volkome aan Hom toegewyd maak en julle geheel en al, na gees, siel en liggaam, so bewaar dat julle onberispelik sal wees wanneer ons Here Jesus Christus weer kom! Hy sal dit ook doen, want Hy wat julle roep, is getrou." 1 Tessalonisense 5:23-24

ATTESTATE

Ons heet graag Gert 082 787 6537 en Franske 082 733 6513 Wibbelink hartlik welkom in ons gemeente. Hulle attestaat is reeds verlede Sondag gelees en hulle kom van Die Kandelaar gemeente. Ons vertrou dat julle gou tuis sal voel in Waterkloofrand.

KOEKIES VIR DIE KINDERHUIS

Die kinders van die kinderhuis het 'n behoefte daaraan om saans voor hulle gaan slaap die leë kolletjie in hulle maag te vul met 'n beskuitjie of koekie saam met hulle laaste beker tee/koffie.
Ons doen 'n beroep op almal in die gemeente om te bak of die wat nie graag bak nie kan gerus koekies of beskuit aankoop.

Handig dit asseblief by Nienke by die kantoor of kombuis in.

HOEKOM LAAT GOD TRAGEDIES EN LYDING TOE? – *deel 4*

Ons besluit self of ons bitter wil wees of ons na God gaan draai vir vrede en moed.

Ons almal het voorbeelde gesien waar dieselfde lyding die een persoon bitter maak – Hy verwerp vir God en word hard en kwaad – terwyl 'n ander persoon na God toe draai en meer liefdevol en teer word – hy reik met deernis uit na ander wat swaarkry. Nie ons almal trek voordeel uit lyding nie, maar dit hang van ons af – van ons vrye wil.

God se antwoord vir lyding is nie 'n verduideliking nie, maar sy Seun wat mens geword het. Lyding is 'n persoonlike probleem en vereis 'n persoonlike reaksie. God is nie afgeleë en ongeïnteresseerd nie. Hy het na ons wêreld gekom en persoonlik ons pyn verduur. Hy het hartseer geken. Hy is verraai, Hy is verwerp.

As lyding kom soos dit sal kom, as jy stry met pyn , soos jy sal en as jy kies om na sy arms te kom, sal jy vrede kry om die huidige te hanteer, jy sal moed kry om jou toekoms te hanteer en jy sal die belofte van die ewige lewe kry.

Hierdie brief skrywe ek vir julle, sodat julle kan weet dat julle die ewige lewe het, julle wat in die Seun van God glo (1 Johannes 5:13)

Coen Slabber

WAARVOOR SAL GOD OOR JOU GEDANK WORD?

Dit is 'n dankbare Paulus wat hierdie brief skryf aan die gemeente waar hy met sy tweede sendingreis maar net drie sabbatte kon arbei voor hy deur 'n opskudding van die Jode verdryf is.

Dankbaar … want wat kon drie dae se werk nou werklik tot stand bring? Maar die evangelie het tot hulle gekom

met krag en deur die Heilige Gees wat oortuig. Hierdie evangelie is met blydskap ontvang te midde van verdrukking. En waar die kragtige Woord van die Here ontvang word, daar verander lewens. Nuutgemaakte lewens gekenmerk deur die bekende drietal: geloof, hoop en liefde.

• Die werk van julle geloof – Deur die evangelie het die Heilige Gees hulle aan Christus verbind, en hierdie verbintenis het vrug gedra. Hulle geloof was nie net iets abstrak nie, maar het hulle tot daadkrag aangespoor. Geloof aan die werk.

• Die inspanning van julle liefde – Ook 'n woord vir "werk", maar werk met inspanning, arbeid. Die liefde vir God en ons naaste is nie net 'n gevoel nie, dit bring jou ook tot selfvergetende ywer en werk … aangevuur deur God se liefde.

• Die volharding van julle hoop – Verby die verdrukking wat hulle tydelik moes ervaar, het hulle volhard. Hulle het vorentoe geleef. Hulle het die Here se koms verwag. Daaroor gaan 'n groot deel van hierdie brief handel: oor sy wederkoms. Kyk vandag indringend na jou gemeente, jou huis, jou eie lewe. Is dit hierdie dinge waarvoor iemand die Here oor jou sou dank? En waar jy so tekortskiet, gaan dan terug na die ontvang van God se Woord, die evangelie wat tot ons kom met die werkende krag van die Gees van God. Dieselfde krag waarmee Hy ons Here Jesus uit die dood opgewek het, wat ons juis op Paassondag herdenk het.

Ds. Cassie Aucamp (Bergsig/Andeon)

God se liefde is onvattend, onbreekbaar;

sy genade vra geen verdienste nie.

Hy vergewe sonder om op te hou vergewe . . . .

God het my opgetel en ek, die optelkind

het 'n wonderkind geword, 'n Koningskind!

Dr. CJ Smit.

FUNKSIONARISSE VAN DIE GEMEENTE EN ANDER INLIGTING

PREDIKANT **SKRIBA**
Ds. Gerben Meijer Wico Swanepoel
062 279 4469 084 588 5654
MONUMENTPARK

ATTESSKRIBA **OUDL SKRIBA**
Tinus Erasmus Corrie Skinner
012 807 5213 082 494 0309
082 410 2252

VOORSITTER DIAK **ORRELIS**
Arie Hoogenboezem Ansie Wichmann
082 785 0804 072 605 8675

e-pos kerk: nwgkw@telkomsa.net

webwerf: www.gkwaterkloofrand.org.za
Daar is skakels wat u neem na oudio- en videouitsendings van eredienste wat onlangs op die internet uitgesaai is.

SONDAGKOSTER
Hein Wichmann 082 873 3569

WEEKKOSTER
Nienke vd Walt 083 398 9080

KANTOOR
Nienke vd Walt 083 398 9080

KANTOORURE
Donderdag en Vrydag: 9 – 12vm.
U kan egter enige tyd 083 398 9080 skakel.

BANKBESONDERHEDE
Kerk
ABSA: Gereformeerde Kerk Waterkloofrand
Rek no. 000 340 685

Diakens
ABSA: Diakonie Spaar Rek. No. 9139785681